

SA VLEISMERINO MUTTON MERINO

2025 - 2026

Joernaal
Journal



www.savleismerino.co.za

— INTEGRITY —

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

— www.bkb.co.za —

BKB

The Trusted Home of Agriculture

GERT MALHERBE & SEUNS

HERTZOGVILLE



GM 8023

André

084 645 9335

adk.malherbe@gmail.com



**8ste GESAMENTLIKE
PRODUKSIEVEILING**

8 SEPTEMBER 2026

Hertzogville Skousaal

WATERPAS

STOET



WPT 9059



Elsa Goosen

egoosen@lantic.net

082 821 4214

ADVERTEERERS



Binne Voor: Gert Malherbe & Seuns / Waterpas Stoet

Binne Agter: Winbold SAVM Stoet

Buite Agter: Gerhard Hartman Stoet

65 AFFIEPLAAS FOTOGRAFIE

69 AFRIVET

75 Agterland SA Vleismerino's

03 Alexander Vleismerinos

29 Amulet Vleismerinostoet

24 Bastion SA Vleismerino

45 BKB

19 Carstens Boerdery

16 Coralta SAVM Stoet

05 De Wet SA Vleismerino's

07 Dolf & Estie du Bruyn

49 Dubbel X SAVM

34 Enkeldoorn SA Vleismerino's

63 FNB

31 Greyling Vleismerino's

21 Grobler Familie Boerdery

43 Hermanus Geluk Stoet

55 HEXAGON INDUSTRIES

51 Hugo Wiehahn & Seuns

32 KOMTAG

61 La'Vie SAVM Stoet

10, 21 & 57 Magetzane Vleismerinos

12 Marnesdacht SAVM Stoet

11 Mashiesa Vleismerinos

79 MEADOW FEEDS

25 Merga Stoet

17 MOLATEK

37 NASHUA

09 & 71 Niekerksrust SAVM Stoet

33 Nuwerus Boerdery

53 Nyokong Mutton Merino Stud

13 OVK

40 Rietgat Vleismerinos

47 Saulspas SAVM Stoet

59 Stelena Vleismerinos

23 Stellenbosch Universiteit

56 Vetkragga SA Vleismerino Stoet

41 VLEISSENTRAAL

35 VOERMOL

20 VTV Boerdery

77 Wes-Kaap SAVM Klub

15 Wilsunel & Geldenhuys Vleismerino's

57 Zwilling Vleismerino's

ARTIKELS

02 Voorwoord

04 Redaksioneel

06 Die beheer van stresverwante siektes

14 Genomics: A new era for small stock breeding

18 Ammoniumchloried: Gebruik in skaapvoeding

22 Stellenbosch Universiteit SAVM Stoet

28 Brucella ovis in ramme

30 Decision Support Service (DSS)

36 Dryf jou plaas vorentoe met Nashua

38 SA Vleismerino: Die ware dubbeldoelras

39 Nasionale Veilings 2026

42 Skaapsielkunde: Hoe werk 'n skaap se kop

44 Nasionale Skou Uitslae

46 Skou Wenner

48 Skou Verteenwoordigers

50 Kursusse

50 Saamtrekke

52 In liefdevolle herinnering: Oom Johnny van Riet

53 Toekennings

54 "Moneymaker" Oilys

58 30 Voorloper Teelramme (per elke teelwaarde)

66 Beste 20 Lamvleis-produuserende Ooie (2017 - 2022)

68 Aktiewe Keurders

70 Ramverkope op Veilings

72 Duurste Ramme in 2025

74 Ledelys (Per Provinsie)

80 2026 Veilingsdatums

UITGEGEE DEUR:

Die Suid-Afrikaanse Vleismerino Telersgenootskap

📍 Fleurmed Sentrum, Blok 4, Barry Richterweg 128, Fleurdal, Bloemfontein, 9301

☎ 084 580 3413

@ sammshoop@yebo.co.za / savmdata@yebo.co.za

🌐 www.savleismerino.co.za / www.sammuttonmerino.com

📱 SAVM / SAMM



Redakteur: Jan Vosloo / Drukwerk: SA Print Group

SAVM FACEBOOK BLAD

Amptelike publikasie van die SA Vleismerino Genootskap.
Menings wat gepubliseer word is egter nie noodwendig dié van die Genootskap nie.
Official publication of the SA Mutton Merino Society.
Opinions published however are not necessarily those of the Society.

Die afgelope seisoen in oënskou is tekenend daarvan dat die nuwe normaal bitter min normaal inhou - Wat 'n aanvanklik normale reënval jaar blyk te wees het ons ontsettende hoë reënval in die somer saai gebiede beleef en daarmee saam baie goeie opbrengste.

Gepaardgaande met die hoë reënval is die potensiaal van entstowwe tot die uiterste beproef en het ons buitengewoon hoë vrektes aan spesifiek bloutong beleef.

Die wêreld politiek en ekonomiese druk het ongetwyfeld 'n effek op ons lammer pryse asook wol gehad. Die gaping tussen die eindverbruikers prys en die produsente prys raak groter en ons as produsente sal indringend moet saamstaan om plan te sien om of die ketting korter te maak of sterker bedinging in die mark te bewerkstellig sodat ons nie net prysnemers bly nie.

Die Raad, Genootskap en telers het die afgelope jaar baie moeite gedoen om die Vleismerino nog meer gesog te maak deur met 'n meer korrekte tipe, nie alleen die kommersiële mark te probeer ontmoet nie, maar ook stoet-teling ekonomies volhoubaar te probeer hou. Dankie aan elke stoet-teler wat onbaatsugtig meedoen en saamwerk om die boot gedraai te kry.

Ons het vanjaar drie saamtrekke, onderskeidelik in Swellendam, Viljoenskroon en Lady Grey gehou. Dankie aan die Merino Telersvereniging se tegniese komitee verteenwoordigers, Dirkie Uys, Ras van Pletzen en Le Roux Fourie, wie ons prakties en sinvol 'n aanduiding gegee het wat Genomika vir hul bedryf beteken. Daar is duidelik konstante nuwe uitdagings en het ek geen twyfel dat die Stoet-telers oopkop genoeg elke potensiële hulpmiddel sal gebruik om nie net die toekoms van die Vleismerino te verseker nie, maar om die diere ook beter te maak.

Daar word gesê "Hope is hearing the music of the future, Faith is dancing to it". Op elkeen van ons rus dus die verpligting om na mekaar te kyk en saam 'n beter toekoms vir elkeen rondom ons te bewerkstellig.

Veilings onder beskerming van die Genootskap het goeie resultate opgelewer. Die afgelope Nasionale Kampioenskappe waar meer as 400 ramme voor ingeskryf was, was weliswaar tekenend van hoe

VOORWOORD

GERHARD HARTMAN - President

vinnig en flink die telers diere by nuwe norme kan aanpas. Dit was opmerklik dat die kompetisie baie sterk verspreid kampioene en wenners opgelewer het en vertrou ons dat hierdie aanslag die toets van die tyd sal deurstaan. Baie dankie aan alle deelnemers en borge wat die skou 'n sukses gemaak het en vir diegene wat dit verlede jaar nie kon meemaak nie, vertrou ons dat die uitdaging vir aanstaande jaar u teenwoordigheid sal bevestig.

Ons Telers wie aan Pick 'n Pay se Lamb Champs kompetisie deelgeneem het se onbaatsugtige meelewing gaan nie ongesiens verby nie en hoop ons dat jul deelname menige ander teler sal inspireer om die ras te adverteer en uit te bou.

Slegs met prestasie toetsing kan ons aan die kommersiële bedryf metings verskaf wat ons nie met die oog kan sien nie. Onthou egter dat hierdie slegs een van die hulpmiddels is om ekonomies doeltreffende diere te teel en moet nooit uit die oog verloor dat die hand en oog metode ons by sekerlik van die mooiste diere ter wêreld uitbring het nie.

Dankie aan al die klubs wat die polsslag van ons bedryf is. Ons kan gewoon nie genoeg erkenning gee vir die uitnemende werk wat daar verrig word nie. Opnuut ook ons opregte dank aan alle borge, makeelaars en skaap en wol beamptes. Jul insette is vir ons ontsettend belangrik.

Aan Jan Vosloo - ons Rasdirekteur en Inge Gunter, wie vinnig deel van ons familie geraak het: Dankie vir alles wat julle via die kantoor vir ons telers doen en beteken. Die nuwe gids/handleiding is 'n ongelooflike praktiese en bruikbare hulpmiddel en besef ons dat die samestelling daarvan baie van jul ure in beslag geneem het.

Aan die Visie Voorsitter en die Raad, my opregte dank vir jul meelewing en ondersteuning. So ook aan elke teler wat passievol meer as sy kant bring. Weet dat ons nie net trots is op ons skape nie maar op elke mede teler. Vir ons pad vorentoe: "Dream big, start small, act now". ■

Groete

Gerhard

2025 - 2026 RAAD



GERHARD HARTMAN
KROONSTAD



JAN UYS
STEYNSRUS



JOE WILKINSON
VEREENIGING



KOOS DE WET
GRAAF-REINET



JAN UYS
STOFFBERG



ROWLEN VON GERICKE
MARQUARD



WILLIE GELDENHUYS
VENTERSDORP



ANDRE MALHERBE
HERTZOGVILLE



GAWIE CARSTENS
PORTERVILLE



JAN VOSLOO
BLOEMFONTEIN

WANTED

ALEXANDER VLEISMERINOS



LOADED AND READY FOR ACTION

FOR THE HIGH CRIMES OF STEALING HEARTS AND
EXCESSIVE FRATERNIZING WITH THE LADIES

ADDITIONAL CHARGES INCLUDES - IMPRESSIVE
FERTILITY - VIGOR - EXCEPTIONAL PRODUCTIVITY

★ JANNIE EN NANEEN ALEXANDER ★

076 681 6168

STOFKRAAL TROMPSBURG

Redaksioneel

JAN VOSLOO Rasdirekteur

Saam met die seëning van onlangse goeie Lente- en vroeë Somerreën oor groot dele van ons land, kom daar uitdagings. Slenkdalkoors (Rift Valley Fever) het in die Noord Kaap uitgebreek weens die toename in muskietbevolkings en alle veeboere sal vanjaar op hulle hoede moet wees en so gou as moontlik alle skape en beeste ent. Klaarblyklik is dié lewende entstof tans beskikbaar, maar natuurlik kan dragtige diere nie daarmee gespuit word nie. Nog 'n gesondheidspek wat altyd belangrik sal bly, is die tydigte ent van ramlammers met REV1, lees gerus die artikel in die boek hieroor.

Alhoewel die toekoms vele onsekerhede inhou, is daar baie opwindende en nuwe moontlikhede weens innoverende tegnologie. DSS is een voorbeeld hiervan en uiters bekostigbare oorplaatjies wat maklik en outomaties leesbaar is raak nou beskikbaar. Sien artikel en "tag" advertensie in die boek, vir meer besonderhede.

Groot dankbaarheid heers onder skaapboere weens die beter produkpryse vir vleis en wol huidig. Vleis het met ongeveer 23% gestyg sedert verlede jaar en wolpryse het met die nuwe seisoen se veilings, sedert Augustus rondom 15% gestyg sedert die vorige seisoen. Positiewe prysbeweging is broodnodig en uiters welkom en ons vertrou dat pryse van insetkoste binne perke sal bly. Dit wil darem voorkom of die sterker Rand en laer Olieprys sal help met laer brandstofpryse oor die afsienbare toekoms.

Reproduksie doeltreffendheid bly kardinaal belangrik omdat dit die grootste inpak het op winsmarges. Dit is ook die Vleismerino ras se sterkpunt en uitstaande mededingende voordeel wat maklik benut kan word deur voortdurende seleksiedruk daarop te plaas. In die Joernaal word erkenning gegee aan diere en stoete wat presteer m.b.t visuele sowel as produksie-eienskappe. 'n Gebalanseerde benadering en relevante teelddoelwitte word voorgestaan en bevorder. Ons moet altyd die boere wat belê in ons genetika se winsgewendheid bevoordeel, deur die beskikbaarstelling van goeie diere wat die beste betalings op kopers se plase kan wees.

Baie rasse fokus al meer op die wetenskap en begin meer diere genomies ontleed. Ons is nog agter wat dit betref en juis daarom het die Raad besluit dat ons 3 saamtrekke moes hou vanaf einde Maart tot Mei. Baie dankie aan die Wes-Kaap, Noord-Vrystaat en Oos-Kaap Klubs wat die saamtrekke help reël en geborg het. Groot dankie ook aan ons voorsitter (Gerhard Hartman) wat die tyd afgestaan het om by al 3 die saamtrekke ons telers positief te bemoedig. By elk van hierdie geleenthede is sprekers (mede-boere) ook betrek wat motiverende praatjies gelewer het ten opsigte van Genomika. Dit is weliswaar nog baie duur en daarom is tydens die AJV besluit dat ons genootskap 500 oorplaatjies sal voorsien aan stoete wat wil begin om weefsel-monsters te versamel vir berging en latere ontleding in die toekoms. Dis uiters belangrik, want invloedryke diere in ons ras, sterf af en dan het ons niks van so dier indien daar nie betyds 'n monster geneem en gestoor was nie. Wie weet, dalk is daar hopelik binnekort, eksterne fondse beskikbaar wat die ontleding van monsters kan moontlik maak. Die hoop beskaam nie.

Die afgelope paar jaar is ons deur 'n konsolidasieproses wat betref getalle lede en diere. Tans is daar baie ruimte vir uitbreiding en moet almal help om jong nuwe toetreders te werf wat regtig belangstel in teling. Vir die rede het dit tyd geword om meer en goeie jong stoet-oë by veilings in te skryf en aan die mark beskikbaar te stel. Ek glo dat die groepies oop jong ootjies wat ons by nasionale veilings begin betrek het, se getalle heelwat uitgebrei moet word. Dit sal die voortbestaan van die ras versterk en verseker. Deel u kennis en mentor jong en opkomende telers en skaapboere om sukses te behaal sodat hulle met trots met die Vleismerino kan assosieer. Geen teler of koper word gering geag nie, "Eendrag maak Mag". Mev Inge Gunter by ons genootskap is altyd bereidwillig en help graag met al u data navrae.

I would like to thank each of our members and our board for their respective contribution. Thank you for your loyalty towards your breed and for your friendly relationship with our personnel. Please do not hesitate to contact me or any of our board members to discuss any new ideas and to sort out any obstacles or problems. Thank you to every advertiser as well as every author who financed and made this publication possible.

Wees altyd bewus van dié waarheid soos opgeteken in Rom 8:28 (AFR83): **ONS WEET DAT GOD ALLES TEN GOEDE LAAT MEEWERK VIR DIÉ WAT HOM LIEFHET, DIE WAT VOLGENS SY BESLUIT GEROEP IS.**

Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2026 vir julle elkeen! ■



NASIONALE VEILINGS

**KOM KOOP DIE BESTE BESKIKBARE
RAMME BY ONS AUGUSTUS VEILINGS**

Bloemfontein • 05 Augustus 2026

Frankfort • 11 Augustus 2026

Wolmaransstad • 19 Augustus 2026



De Wet Boerdery

De Wet SA Vleismerino's

Waar net die gehardste oorleef

GRAAFF-REINET RAM VEILING

26 Februarie 2026 @ 11:00

Botaniese Sportgronde, Graaff-Reinet

U sukses, Ons trots



Koos de Wet - 082 400 4935 - jsdewet@jabama.co.za



DIE BEHEER VAN STRESVERWANTE SIEKTES BERUS IN DIE HANTEERDER SE HANDE

deur
LEON KRUGER
(Kovsies Veekunde)



Dierewelstand is 'n begrip wat elke boer na aan die hart behoort te lê, en met goeie rede. Die welstand van die diere in 'n kudde hou direk verband met die boerdery se resultate. 'n Doeltreffende bestuursprogram vir lewendehawe bestaan uit verskeie komponente, waaronder gesondheidsbestuur en siektebeheer, wat immunisasie, dip en dosering insluit. Daarbenewens word watervoorsiening en voeding-behoefte nougeset gemonitor, terwyl krale, kampies en hokke deeglik voorsien en skoongehou word.

Tog gebeur dit dat skape steeds siek word en selfs vrek, ten spyte van al die voorkomende behandelings, toepaslike fasiliteite en 'n goed gestruktureerde bestuursprogram. Waarom is dit so?

Die antwoord is eenvoudig. **Stres**. Ons is nie bewus van die oorsake en effek van stres op skape nie, want stres presenteer nie met onmiddellike gevolge of opsigtelike simptome nie. Die effek van stres op die gesondheid van skape is 'n onderwerp wat al geruime tyd wetenskaplik nagevors is, maar weinig blootstelling geniet. Stres is 'n onderwerp waarvan almal weet, maar soos Hans Selye, 'n Hongaarse sielkundige, dit gestel het, **"Everybody knows what stress is and nobody really knows what it is"**. Stres is nie angstigheid nie. Angstigheid presenteer met 'n simptoom, spesifieke gedrag. Stres daarenteen presenteer met geen simptome nie.

Stres kan baie kortliks opgesom word as 'n reaksie na 'n steurnis van die homeostase van die skaap. Homeostase kan beskryf word as 'n eienskap van die liggaam om sy eie interne omgewing te stabiliseer en konstant te probeer hou. Byvoorbeeld, die liggaam poog om sy temperatuur konstant te hou by **39.5°C** (in die geval van skape). Indien die omgewingstemperatuur dan baie warm is en die liggaamstemperatuur as gevolg daarvan bo 39.5°C styg, sal die skaap minder eet, meer in die koelte rus en meer water drink ten einde die temperatuur so na as moontlik aan 39.5°C te handhaaf.


Daar is verskeie faktore wat 'n versteuring van die homeostase veroorsaak, waarvan sommige belaglik mag voorkom. Byvoorbeeld:

- Verskuiwing van een weidingkamp na 'n ander – nou moet die skape nuwe gunsteling lêplekke soek om te herkou. (Dink maar aan ons as mense. Almal het 'n gunsteling plek in die kerk).
- Insluiting van nuwe dier in bestaande kudde – die hiërgargie van die kudde is versteur en nuwe rangorde moet bewerk word. (Dink hoe

lank neem dit om nuwe intrekkers in 'n gemeenskap te aanvaar).

- Hantering van skape, hetsy vir dip, doseer, immunisering of welke rede ookal veroorsaak 'n definitiewe versteuring van die homeostase.

Dit kan aanvaar word dat enige aksie wat nie deel is van die natuurlike gedrag van die skaapkudde nie, 'n versteuring van die homeostase veroorsaak. Die versteuring van die homeostase kan gelyk gestel word aan 'n stressor. 'n Stressor is in der waarheid enige eksterne invloed op die homeostase van die skaap, waar die skaap nie kan kompenseer om die homeostase in stand te hou nie. Die liggaam reageer dan op die stressor met 'n rits opeenvolgende hormoonreaksies waar een hormoon die vrystelling van 'n volgende stimuleer en aktiveer met die vrystelling van die stresshormoon, kortisol in die bloedsirkulasie as uiteindelijke gevolg. Dit staan bekend as die hipotalamus-pituitêre-adrenale-proses (HPA).



Glukokortikoïede (kortisol) affekteer meeste van die homeostatische sisteme van die liggaam, met 'n oorheersende effek op glukoneogenese (die produksie van nuwe glukose), die inflammatoriese sisteem en immunologiese sisteem. Die glukoneogenese voorsien addisionele glukose aan die liggaam ten einde te kan ontsnap vanaf die stressor, byvoorbeeld 'n skaap wat vlug van 'n roofdier. Die immunologiese sisteem word egter benadeel deur kortisol, en solank as daar sirkulerende

VERVOLG OP BLADSY 08 ➡




**DOLF & ESTIE
DU BRUYN**
082 338 2376

ONS S'N''
BULTFONTEIN

16de Produksieveiling
22 SEPTEMBER 2026



kortisol in die bloedstroom is sal die skaap geen of 'n verswakte immu- niteit hê. Navorsing het getoon dat normale roetine prosedures soos dosering en immunisering kortisolvlakke drasties verhoog het, wat eers na 90 minute na normaalwaardes (basale vlak) terugkeer.



KORTISOL EN STRESVERWANTE SIEKTES

Soos reeds genoem verlaag 'n oormaat kortisol in die bloedstroom die immu- niteit van die dier in so mate dat opportunistiese bakterieë drasties vermeerder en siekte kan veroorsaak. Bakterieë verdubbel elke 20 minute. Indien die immu- niteit nou verswak is, verleen dit 'n ge- leentheid aan die opportunistiese bakterieë wat normaalweg in die liggaam voorkom om te vermeerder.

Een groep van bakterieë wat tipiese opportuniste is, is Mannheimia haemolytica, Pasteurella multocida en Bibersteinia trehalosi (beter bekend as Pasteurella in die volksmond). Negentig minute met ver- swakte immu- niteit is genoeg tyd vir hierdie bakterieë om die boonste lugweë, waar hulle normaalweg voorkom, te oorgroei. Wanneer die immuunsisteem weer ten volle funksioneer is die boonste lugweg- weefsel heeltemal oorgroei en kan die immuunsisteem dit nie meer beheer nie. Die gevolg is konstante en volgehoue vermeerdering van die organismes wat daartoe lei dat die organismes ingeasem word en in die longe vestig. Uiteindelik sal so dier begin presenteer met 'n snotneus wat later vorder na 'n droë pynlike hoesbui wat geen mukus oplewer nie en uiteindelik longinfeksie. Indien onbehandeld gelaat word sal so skaap se longweefsel uiteindelik so aangetas wees dat dit sal vrek.



Longweefsel wat aangetas is weens infeksie. Let op die area waar die long aan die ribbekas vasgegroe het (Fotos: Leon Kruger)

Daar kan nie alleenlik op immunisering staatgemaak word om die siekte te verhoed nie, aangesien immuunonderdrukking wat voorkom tydens stresperiodes steeds sal veroorsaak dat die skaap klinies ge- affekteer kan word.

Net soos Pasteurella is siektes soos aansteeklike blindheid (Chalmy- dophila pecorum) en vuilbek (orf virus) en koksidiöse (Eimeria spp.)

ook stresverwante siektes wat net wag op 'n verswakte immu- niteit om infeksies te veroorsaak.


Wat staan die boer dan te doen om produksieverliese en mortaliteite te voorkom?

VERSTAAN SKAAPGEDRAG (ETOLOGIE)

Vyf sintuie net soos die mens.

OË

Gesplete pupil teenoor die mens se ronde pupil. Kan baie wyer 330° area sien met monokulêre sig, maar kan nie diepte skat nie. Daarom is die kop in die lug as die gevaar agter is en kop omlaag as gevaar direk voor hulle is met binokulêre sig.



Skaap kan ook net drie kleure identifiseer in teenstelling met die mens wat die vyf primêre kleure kan identifiseer.

Stressor: Skaap sal stres wanneer vreemde kleure in die kraal inge- bring word.

Homeostase: Skaap herken die skaapherder aan sy kleure mits dit daaglik gedra word.

ORE

Skaap het groot oorskulpe wat hulle kan aanwend om klanke op te vang.

Skaap se gehoorspektrum is baie breër as die van mense. Skaap is ook baie meer sensitief vir hoëfrekwensieklanke, met hul grootste gehoorsensitiwiteit rondom 10 kHz, terwyl menslike pieksensitiwiteit tussen 2 en 4 kHz is.

Stressor: Sweepklap, onbeheersde gefluit, geskree is alles vrees- aanjaende stimuli wat stres veroorsaak. So ironies dat skaap met vreesaanjaende stimuli na die hanteerfasiliteit aangejaag word en dan word daar verwag dat hulle rustig sal wees vir die beplande prosedure.

Skaapveilings is definitiewe stressors en voorlopers tot Pasteurella

68ste Produksieveiling

17 Junie 2026

2026 Veilingsdatums

69ste Produksieveiling

7 Oktober 2026



Niekerksrust Stoet

JVB 2279

Kontak



Jan van Biljon 082 781 5210



Plaas Niekerksrust, Viljoenskroon



longontsteking. Dink maar aan die magdom stressors wat met 'n veiling gepaard gaan. Verskuiwing vanaf die habitat waar dit gewoon is. Vervoer. Vreemde habitat met vreemde diere en vreemde reuke. Dag van die veiling isolasie in die veilingring. Baie harde geraas soos die afslaer en sy assistente die emosies opjaag om 'n beter prys te beding. Almal stressors wat langtermyn stres tot gevolg het en derhalwe longontsteking en of diarree kan veroorsaak.

Homeostase: Skape ken die frekwensie van die skaapherder se fluit of roepstem en sal positief daarop reageer. (My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My - Johannes 10:27)

REUK

Skape het 'n uiters goed ontwikkelde reuksintuig. So goed dat hulle hul eie lamms uit honderde ander kan identifiseer op grond van reuk. (Hulle ken ook mekaar se blêr).

Stressor: Skape kan slegte reuke identifiseer lank voor die mens kan en sal verseg om kos en water wat in 'n graad van verrotting is te eet of drink.

Homeostase: Skape identifiseer die skaapherder aan sy reuk.

GEVOEL

Skape het baie sensitiewe gevoel sintuig. Kyk maar wat gebeur as 'n vlieg op 'n skaap gaan sit. Die gebruik van geweld om skape aan te jaag is dus ten sterkste af te keur. Daar is selfs gevalle waar elektriese skokstokke gebruik word by skape en dit kan glad nie goed-

gekeur word nie.

Die beste metode van voorkoming is om stresfaktore so vêr moontlik uit te skakel. Sekere faktore het ons as boere nie beheer oor nie, byvoorbeeld weerskommeling. Prosedures soos immunisering, dosering, identifisering en andere wat hantering behels, is volgens navorsing baie stresvol vir die skape en dit berus in die boer se hande om die prosedures minder stresvol vir die kudde te maak.

Basiese riglyne om die stres tydens hantering te verminder behels die volgende:

- **Maak die skape van kleintyd af gewoond aan die hanteerder en hantering.**

Indien moontlik moet die hanteerder / skaapwagter / boer daaglik tussen die skape beweeg. Hulle ag dan die hanteerder as een van die kudde wat die verstar / vlug / veg en vrees reaksie uit-skakel. Skape wat gewoond is aan die hanteerder sal ook 'n kleiner vlugsone hê en hoe kleiner die vlugsone hoe minder stress die skape.

- **Aanjaag van skape**

Maak gebruik van rustige en kalm metodes om skape te stuur na die hanteerfasiliteit. Vreesaanjaende metodes veroorsaak dat die skape vlug (verstar / vlug / veg / vrees) voor die stressor en gevolglik vrees hulle die hanteerder. Dan verwag die hanteerder op sy beurt dat die skape moet stilstaan wanneer die prosedure gedoen word. Dit sal nie gebeur nie, want die skaap is bevrees. Gevolglik ontstaan daar 'n geveg tussen die skaap en die hanteerder wat deur die hanteerder gewen moet word. Die skaap het dan erg verhoogde kortisolvlakke in die bloedstroom.

VERVOLG OP BLADSY 12 ➡



ONS TEEL MET PASSIE

Magetzane vleismerinos

RVG

**ONS TEEL
VIR DIE TOEKOMS**

Rowlen von Gericke - 073 168 0535



JACO MARITZ 082 853 7941



Kudde vanaf 1974

Vrugbare, vroegryp tipe met uitstekende wol.
Ooie word gesynchroniseer en gelapa met top stoetramme.

- **Verkort die tydperk van die prosedure**

Soos reeds genoem is dit wetenskaplik bewys dat hantering-prosedures baie stresvol is vir die skaap. Daar is verskeie faktore wat bydra tot die streservaring. Een daarvan is die onsekerheid van wat gaan met hulle gebeur wat veroorsaak dat die skaap alreeds stres wanneer hulle na die drukgang gestuur word. Dit is veral van belang as vorige prosedures in die hanteerfasiliteit met negatiewe hanteringervaring gepaard gegaan het. Hoe langer die wagperiode voor hantering, hoe langer die teenwoordigheid van kortisol in die bloedstroom en gevolglik hoe groter die moontlikheid van bakteriële vermeerdering. Dit is dus van waarde om eerder kleiner groepe skaap in te bring en te prosesseer as die hele kudde, waar sommige diere dan vir lank moet wag.

- **Hantering en "handvatsels"**

Die korrekte hantering van die skaap tydens prosedures is baie belangrik. Daar is sekere "handvatsels" wat die hantering van skaap gemaklik sal laat voel of sal laat stres. Hare, vel, ore, stert of horings is nie "handvatsels" nie en die gebruik daarvan sal 'n stresreaksie ontloot. In teenstelling daarmee is een hand onder die ken van die skaap en die ander hand agter die kop die korrekte manier van hantering. Indien die area onder / agter die oor gemasseer word met die vingers sal dit die skaap baie vining laat ontspan.

- **Beloning**

Onlangse navorsing het getoon dat "beloning" na 'n prosedure die ervaring vir die skaap omskep van 'n negatiewe ervaring na 'n positiewe ervaring. Dit skakel dan in die toekoms onsekerheid en stres uit wanneer die skaap na die hanteerfasiliteit gestuur

word. Byvoorbeeld, die voorsiening van 'n handvol "sjokolademielies" na die prosedure sal tot gevolg hê dat die skaap die hanteerfasiliteit sal assosieer met die "sjokolademielies" en nie net met die prosedure nie.

- **Wees bedag op moontlike Mannheimia (Pasteurella) longinfeksie na stresperiodes**

Aangesien ons nie vir die skaap kan leer om nie te stres nie en ons ook nie weet of die skaap wel stres nie, is dit belangrik om die kudde baie goed dop te hou na potensiele stres periodes. Indien enige kliniese simptome soos snotneus, hoes (droë pynlike hoes) of kondisieverlies voorkom moet sulke skaap dadelik gediagnoseer en behandel word. Met bevestiging van 'n diagnose word aangetaste skaap behandel met nou-spektrum antibiotika gekombineer met anti-inflammatoriese middels.

Stresverwante siektes soos Mannheimia haemolytica longinfeksie kan nie effektief met entstof alleen beheer word nie. Korrekte en stresvrye hantering behoort dus net so deel te wees van die boerskaap se bestuursprogram as wat immunisering is. Kennis van die skaap se natuurlike gedrag verleen aan die boer die mag om verstourings van die homeostase tot die minimum te beperk en vervolgens potensiele stresverwante siektes uit te skakel.

Die Groot Herder gee aan ons die opdrag uit Spreuke 27:23 "Sorg dat jy weet wat jou kleinvee nodig het, gee aandag aan jou veetroppe."

Die Engelse vertaling stel dit meer spesifiek "Be sure you know the condition of your flocks, give careful attention to your herds." ■



📍 **Steynsrus, Vrystaat**



Jan Uys

082 375 9217

Thomas Uys

072 683 2833



**Trio SAVM - 13de Produksieveiling
2 September 2026**





Savm

VLEISMERINO

JOERNAAL

OVK DIENSTE

VESEL (WOL & BOKHAAR):

- Hoogstaande tegniese- en kliëntediens.
- Professionele en effektiewe bemerkingspan.
- Lojaliteit verdienste op gelewerde vesel.
- Effektiewe aflaai- en hanteringsgeriewe.
- Finansiële kern gesonde besigheid.

LEWENDEHAWE:

- Markgerigte pryse met Uit die Hand-transaksies en tydigte betaling.
- Topgehalte veilings: Spesiale, maand-, week- en toerustingveilings.
- Aanlyn veilings teen die beste tariewe.
- Opgeleide agente bied ondersteuning – in die kraal waar dit saak maak.

OVK Vesel internasionale rolspeler

OVK Lewendehawe jou betroubare agent



**SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE**

VIR VERDERE NAVRAE RAKENDE OVK VESEL & LEWENDEHAWE, KONTAK:

VERKANTOOR (DORSET): 041 406 7500 • **LEWENDEHAWE-KANTOOR (LADYBRAND):** 051 923 4602

STREKKANTORE: Burgerdorp 051 683 1855 • Cradock 048 881 3484 • Ficksburg 051 933 7662 •
Hopetown 053 203 9201 • Gqeberha 041 406 7800 • Swellendam 029 514 2042

HOOFKANTOOR: Ladybrand 051 923 4500 • **KLIËNTEDIENS:** 051 923 4596 / clientservices@ovk.co.za



GENOMICS:

A new era for small stock breeding

by JASON REDING

Genomic services provided to Small Stock breeds associated with SA Stud Book allows breeders to take the next step in boosting the prediction of an animal's true genetic merit, ensuring pedigree integrity and unravelling the status of single genes within your flock. Breeders unfamiliar with genomics and genomically enhanced breeding values (GEBVs) must be scratching their heads and wondering what the benefit of genotyping your stud animals truly is. This short article will hopefully illustrate the impact of genotyping an animal, the effect of parentage verification and how genomics is integrated into a genetic evaluation to enhance the accuracy of breeding values.

Currently, SA Stud Book uses the latest Illumina Ovine60K v3 chip, which contains around 64 000 SNP markers spread across all 26 autosomal chromosomes, the sex chromosomes and a few mitochondrial markers. These include single gene markers, such as the Horn/Poll mutation, the Texel Double-Muscling mutation and the DGAT1 milk quality marker amongst others, resulting in the genomic test being referred to as the "All-in-One" DNA test.

Parentage Verification

The use of DNA Microsatellite markers for Parentage Verification is widespread across the livestock industry in South Africa but has limitations that can result in the incorrect identification of an animal's parentage. The DNA Microsatellite test is not a true confirmation of parentage, but rather an exclusion of who is not the parent. The low number of markers used (12-25) may result in more than one animal being nominated as the possible sire of the tested progeny, especially if a breeder is using rams that are highly related to each other due to a common ancestor.




FIGURE 1: This picture illustrates how DNA would indicate that all 3 sires could possibly be the sire of Lamb 1, while only the genomics can truly confirm that Ram A is the correct sire of Lamb 1.

Genomics, which is currently the most powerful commercially available tool for parentage verification, uses around 15 000 to 25 000 genetic markers (SNPs) to correctly identify the animals that are directly related to each other. Using a stringent 1% mismatch threshold, this means that a parent will be excluded as the true sire when 150 to 250 markers are not in alignment with the progeny they are tested against. The analysis of opposing homozygotes, illustrated in Table 1, allows for the confirmation that the tested animals are indeed directly related to each other.

TABLE 1: How parentage is determined using opposing homozygotes for genomically tested animals

	SNP 1	Match?	SNP 2	Match?	SNP 3	Match?	SNP 4	Match?
Lamb 1	AA		BB		BB		AA	
Sire A	AA	✓	BB	✓	BB	✓	AA	✓
Sire B	BB	✗	AA	✗	AA	✗	AA	✓

The concept of opposing homozygotes is simply illustrated above, with two sires being tested against Lamb 1. The genomic marker for an animal can only be AA, AB or BB, with the informative marker being the homozygotes or fixed markers (AA or BB). Sire A is a positive match for all four markers as he can only pass on an A marker to his progeny at SNP 1 and SNP 4, and a B marker at SNP 2 and 3. Sire B has 3/4 conflicts as at SNP 1 he can only pass on the B marker, while Lamb 1 is AA meaning he has a mismatch for SNP 1 against Lamb 1. The number of mismatches is added up and if they exceed 1% (150 - 250 markers) this will arise in a sire conflict. Parentage is verified when the number of mismatches is less than 1%.


SA Stud Book is currently the only Data Interpretation Centre on the African continent accredited for Parentage Verification through the International Committee for Animal Recording (ICAR) using Genomic Information. Unfortunately, the genomic data is not backward compatible with DNA Microsatellite data, meaning that for Parentage to be verified with genomics, both the parent and the progeny must be genomically tested.

Genetic Relatedness using Genomics

Apart from accurate parentage verification and knowing the status of specific single-gene mutations, how does genomics benefit the breeder's ability to more accurately select his top animals? Research on genomics in beef and dairy cattle, as well as small stock breeds, indicates that genomics has the biggest impact on traits that are lowly heritable, sex-limited and are only measured later in life.

The integration of genomic data into a genomic evaluation does one simple thing, it fills in the gaps of the pedigree. The pedigree will at times indicate that animals within the same breed are not related, as breeders may not yet have genetically linked their flocks by using other breeders' animals, which is known to be a limitation of using simple mendelian inheritance as the pattern of inheritance across generations. Animals within the same breed will be inherently related to each other, as they are the same species (in this case sheep) and of the same breed (SA Mutton Merino), indicating that they will

CONTINUE ON PAGE 16 ➡



Wilsunel & Geldenhuys

Vleismerino's



079 516 4999



wilsunel@truenw.co.za



Ventersdorp, North West



Wilsunel Boerdery

**Willie & Nadia
Geldenhuys**

indeed share a similar genetic makeup. Table 2 showcases how the pedigree matrix uses simple mendelian inheritance to estimate genetic relatedness, while Table 3 showcases the genomic matrix using the 60 000 markers in conjunction with the pedigree matrix, to refine and truly estimate the relatedness between the animals.

TABLE 2: Genetic relatedness between animals using the pedigree and traditional mendelian inheritance.

	SAMM_1	SAMM_2	SAMM_3	SAMM_4	SAMM_5	SAMM_6
SAMM_1	1.00					
SAMM_2	0.00	1.00				
SAMM_3	0.25	0.0625	1.00			
SAMM_4	0.00	0.00	0.00	1.00		
SAMM_5	0.125	0.0625	0.125	0.00	1.00	
SAMM_6	0.50	0.03125	0.50	0.00	0.0625	1.00

Animal 6 is the Sire of both Animal 1 and 3, which is indicated by the 50% relatedness estimated between them. This makes Animal 1 and 3 half-siblings, meaning that it is assumed they share 25% of the same genetic makeup from the sire's side. Animal 5 is a close relative to Animals 1 and 3, with the pedigree estimating they are 12.5% related. Animal 4 has no pedigree links to any of the other animals; thus, it is assumed that they are 0% related to the rest of the animals in Table 1.

By comparing Table 2 with Table 3, the genomics has corrected the assumed genetic relationship to a realised genetic relationship. Animals 1 and 3, who are half-siblings, are now indicated to be 31.5% related, meaning they inherited more similar genetics from the sire

than was originally assumed. The genomics has revealed that Animal 5 is more related to Animal 1 (14.6%) than to Animal 3 (9.5%), while Animal 4 is no longer not linked to the other animals but is between 1% - 7% related to the other animals. Genomics allows the BLUP analysis to make connections between genetically related animals that the traditional pedigrees are unable to make and thus aids in accurately predicting an animal's genetic potential not just from the animals it is directly related to.

TABLE 3: Genetic relatedness between animals combining the pedigree information and the genomics to estimate the true genetic relationships between these animals.

	SAMM_1	SAMM_2	SAMM_3	SAMM_4	SAMM_5	SAMM_6
SAMM_1	1.00					
SAMM_2	0.06	1.00				
SAMM_3	0.315	0.08	1.00			
SAMM_4	0.04	0.03	0.07	1.00		
SAMM_5	0.146	0.05	0.095	0.01	1.00	
SAMM_6	0.50	0.02	0.50	0.04	0.085	1.00

The use of genomics is ushering in a new era of stud breeding, especially for breeders who may have closed flocks or are new members of their society. The recording of performance and fertility traits will not be replaced by genomics, as genomics only assists in boosting the pedigree side of the BLUP equation.

Phenotype remains King, while Genomics is the Queen the King has always been looking for. ■

23ste
Produksieveiling
24 JUNIE 2026

coralta@nwet.co.za
Schweizer-Reneke
Cornie 082 948 3338 | Alta 082 948 3334 | Corlize 082 724 0737

GEHALTE PRODUKTE

VIR VERBETERDE LAM- EN SKAAPPRESTASIE

- Hoëgehalte deurvloeiproteïen stimuleer gehalte melkproduksie en -vloei.
- Voorkom die produksie van klewerige kolostrum.
- Verminder aborsies en weggooilammers.
- Ooie verloor minder gewig wat konsepsie- en lampersentasies verhoog.
- Optimale lamsgroei en speengewigte.
- Voldoende wolfollikelontwikkeling by lammers om gehalte wolproduksie gedurende die skaap se leeftyd te verseker.
- Optimale ontwikkeling van lammers se reproduksiepotensiaal.
- Verseker die geboorte van lewenskragtige lammers.
- Voorsien die ooi van die nodige minerale, spoorminerale en vitamieni.



Wolmeesterkonsentraat

'n Veelsydige, hoëgehalte proteïenkonsentraat wat gebruik kan word om produksie- en onderhoudslekke of volledige voere te meng deur beskikbare grondstowwe op die plaas te gebruik.



Lam- en Ooilek

'n Gerieflike, hoëgehalte produksielek vir kleinvee.



REËNBESTAND

Elite Block


'n Gerieflike, reënbestande, hoëgehalte produksielekblok vir kleinvee.

Vir meer inligting oor **Molatek** se spesifieke voere en dienste, skakel:

RCL FOODS: www.rclfoods.com **MOLATEK:** +27(0)13 791-1036
www.molatek.co.za | molatek@rclfoods.com

Wolmeesterkonsentraat Reg. Nr. V19782, N-FF3588. **Lam- en Ooilek** Reg. Nr. V25056, N-FF3590.
Elite Block Reg. Nr. V26008, N-FF3586. Alle RSA-produkte is ingevolge Wet 36 van 1947 geregistreer.

MOLATEK



deur ALINA TAUTE
Yara Industrial Solutions

AMMONIUM- CHLORIED

GEBRUIKE IN SKAAPVOEDING



Een van die groot uitdagings in skaapboerdery, veral wanneer dit kom by ramme en hamels, is die voorkoming van gesondheidsprobleme wat maklik vermy kan word, maar dikwels groot verliese tot gevolg kan hê as dit nie betyds aangespreek word nie. Een van die groot probleme wanneer manlike diere in byvoorbeeld voerkrale gevoer word, is uriensteenvorming, ook algemeen bekend as "urinêre calculi" of "waterpens". Behalwe egter vir probleme by ramme en hamels kry ons ook gesondheidsprobleme soos melkkoors by ooie. Gelukkig is daar 'n eenvoudige en effektiewe voedingsoplossings beskikbaar vir manlike diere sowel as ooie en dit is deur gebruik te maak van ammoniumchloried.

Wat is Ammoniumchloried?

Ammoniumchloried is 'n anorganiese sout wat bestaan uit ammonium- en chloriedione. Dit kom voor as 'n wit kristalpoëier wat maklik oplos in water. Hoewel ammoniumchloried verskeie gebruike in 'n aantal industrieë het, speel dit ook 'n belangrike rol in dierevoeding en spesifiek in die voeding van skape en bokke. Ammoniumchloried se grootste voordeel lê in sy vermoë om die pH van uriene te verlaag of anders gestel, dit suurder te maak. Een van die minder bekende voordele van Ammoniumchloried is dat dit ook 'n belangrike rol kan speel in die voorbereiding van ooie vir lam.

Wat is Uriensteenvorming?

Uriensteene vorm wanneer minerale soos fosfate en magnesium neerslaan en kristalle, stene of klipies in die urienstelsel vorm. Hierdie toestand kom veral voor by hamels en jong ramme, omdat hulle urienkanale lank en smal is en geneig is om maklik geblokkeer te word.

Die probleem ontstaan dikwels by diere wat op hoë graanrantsoene, soos in die geval van voerkrale is of waar die kalsium tot fosfor verhouding in die rantsoen nie reg is nie. Die waterinname van diere sowel as die suurheid van die uriene speel ook 'n rol. Wanneer die uriene alkalies is (hoë pH), is die kans groter dat die kristalle wat vorm kan saamkom om groter kristalle of stene te vorm wat dan die urienbuis kan blokkeer. Hierdie blokkasie kan dan uiteindelik die urinerig van die dier blokkeer. As dit nie betyds behandel word nie, kan dit lei tot erge pyn vir die dier, die blaas kan bars en die dier kan selfs sterf.

Hoe kan Ammoniumchloried help

Die hoofdoel van Ammoniumchloried in skaapvoeding is om die uriene suurder te maak. Suurder uriene (met 'n laer pH) keer die vorming van die spesifieke soorte kristalle wat geneig is om te vorm in alkaliese toestande. Wanneer die pH van die uriene verlaag word tot tussen 6 en 6.5, verminder die risiko dat fosfaat- en magnesiumsoute neerslaan en klipies vorm, aansienlik.

Hierdie eenvoudige chemiese bymiddel verander dus die interne omgewing van die dier op so 'n manier dat klipies nie vorm nie. Die gee van Ammoniumchloried is dus 'n waardevolle voorkomende maatstaf, veral in manlike diere wat in voerkrale gevoer word.

Aanbeveling vir die gebruik van Ammoniumchloried vir die voorkoming van blaasstene

Ammoniumchloried kan maklik in die voer of mineraalaanvullings van skape gemeng word. Dit word gewoonlik teen 0.5% tot 1.5% van die totale rantsoen bygevoeg, afhangende van die risikovolke en die samestelling van die rantsoen. By ramme en hamels wat op hoë graandieëte is, word dit aanbeveel dat Ammoniumchloried op 'n daaglikse basis by die voer gevoeg word.

Dit is belangrik om te onthou dat Ammoniumchloried nie 'n "wondermiddel" op sy eie is nie, dit moet gebruik word saam met goeie voedingsbestuur, insluitend 'n gebalanseerde kalsium-tot-fosforverhouding van ongeveer 2:1 asook toegang tot skoon, vars water.

Voorsorgmaatreëls

Soos met enige toevoëing tot voer, moet Ammoniumchloried met sorg gebruik word. Te hoë vlakke kan lei tot 'n afname in voerinname of metaboliese komplikasies. Dit is dus belangrik om nie die aanbevole dosisse te oorskry nie, en om, waar moontlik, 'n veearts of voedingskundige te raadpleeg wanneer veranderinge aan die dieet gemaak word.

VERVOLG OP BLADSY 20 ➡



CARSTENS BOERDERY

Swartland Lenteveiling MOORREESBURG SKOUGRONDE

20 AUGUSTUS 2026



GAWIE CARSTENS 083 636 0784
PORTERVILLE, WES-KAAP



Gebruik van Ammoniumchloried om melkkoors te voorkom

In die laaste drie tot vier weke van dragtigheid, wat bekend staan as die opstroomfase, begin die ooi se liggaam hom voorberei op melkproduksie. Gedurende hierdie tydperk verhoog die vraag na kalsium dramaties. As die ooi se liggaam nie betyds aangepas word om voldoende kalsium te mobiliseer nie, kan sy melkkoors ontwikkel - 'n toestand waar die kalsiumvlakke in die bloed te laag daal. Hierdie toestand, ook bekend as domsiekte, is ernstig en kan lei tot swaakteit van die ooi, ooi kan gaan lê en in ernstige gevalle kan ooi selfs sterf as hulle nie dadelik behandel word nie.

Hier kom Ammoniumchloried weer tot sy reg - dié keer as 'n anioniese sout. Wanneer Ammoniumchloried in die opstroomrantsoen van 'n ooi ingesluit word, verlaag dit die dieet se kation-anioonverskil, oftewel die sogenaamde DCAD. Hierdie verskuiwing maak die liggaam effens suurder, wat die ooi se metabolisme stimuleer om reeds voor lam kalsiumbeheerprosesse aan die gang te sit. Wanneer sy dan lam, is haar liggaam gereed om vinnig op die kalsiumvraag te reageer, wat die kans op melkkoors drasties verminder.

Hierdie aanwending van Ammoniumchloried as 'n voorkomende hulpmiddel teen melkkoors is 'n waardevolle strategie in enige kommersiële of kleinskaalse skaapstelsel. Deur tydens die laaste weke van dragtigheid klein hoeveelhede Ammoniumchloried by die rantsoen te voeg, word die grondslag gelê vir 'n gesonde lamtyd met minder komplikasies. Die ooi lam makliker, toon beter moederinstink, en produseer meer melk, wat direk bydra tot die gesondheid en groei van die pasgebore lam.


Hoeveel Ammoniumchloried vir ooi

Begin 3 - 4 weke voor lam met die byvoeging van Ammoniumchloried. Voeg tussen 0.5% en 1% van die totale droëmateriaal inname van die ooi by die rantsoen as Ammoniumchloried. Begin met laer byvoeging en verhoog dit oor 3 - 5 dae. Indien ooi 2 kg voer inneem beteken dit 10 - 20g Ammoniumchloried per ooi per dag.

Gevolgtrekking


Wat die gebruik van Ammoniumchloried besonder waardevol maak, is dat dieselfde sout in twee kritieke fases van skaapproduksie gebruik kan word - in jong ramme om urienprobleme te voorkom, en in ooi om melkkoors te voorkom. Dis 'n eenvoudige toevoeging tot die voerbak, maar die uitwerking daarvan op dieregesondheid is merkwaardig.

In 'n tyd waar winsmarges in boerdery al hoe dunner word en elke lam tel, is dit van groot waarde om voorkomende bestuurspraktyke toe te pas. Ammoniumchloried is nie 'n duur toevoeging nie, maar dit is een wat groot voordele inhou. Met 'n gesonde kudde as grondslag, lê die pad oop vir volhoubare produksie, beter vrugbaarheid, en 'n beter ekonomiese uitkoms vir die boer. ■




Niekie Fourie - 082 331 1566
Christiana, NW





BOGEMIDDELDE PRESTASIE



Stoffel Grobler : 082 452 2587

Plaas
Driefontein
Greylingstad

Rowlen von Gericke - 073 168 0535

ONS TEEL MET PASSIE



Produksieveiling - 3 Junie 2026



Sedert 1974

Stellenbosch Universiteit

SAVM Stoet

deur JOHN MORRIS
Bestuurder, Mariendahl Proefplaas

Ek het amper 40 jaar terug begin werk as bestuurder op Universiteit van Stellenbosch se Proefplaas Mariendahl. Mariendahl is 250ha groot en geleë tussen Stellenbosch en die Paarl, dit is omring met wingerdplase en Elsenburg Landboukollege is een van ons buurplase. Die Boland is 'n streng winterreënval gebied en Mariendahl het 'n langtermyn gemiddelde reënval van 625mm per jaar, met die meeste reën vanaf Junie tot Augustus. Mariendahl word bedryf as 'n veeplaas en dien as demonstrasie eenheid vir studente opleiding en as 'n perseel vir nagraadse navorsingsprojekte. Mariendahl is die huisvesting vir 'n Dohnemerino en SAVM stoet en 'n Simmentaler beeskudde. Mariendahl het ook 'n varkboerdery en 'n pluimvee afdeling vir navorsingsdoeleindes. Die plaas bestaan uit 150ha aangeplante droëland weidings en 15ha besproeiende weiding wat deur die skape bewei word. Mariendahl het ook 50ha rivier weiding wat deur beeste bewei word. Mariendahl besit en bestee ook 35ha vir hooi produksie. Besproeiingswater word in die wintermaande opgevang en die hoeveelheid kan varieer van jaar tot jaar.

Met my aankoms in 1987 was daar 100 SAVM ooie op Mariendahl. Hulle oorsprong was vanaf die Elsenburg stoet en ons stoet is reeds in 1974 geregistreer. Die stoete is vanaf die staanspoor volledig prestasietoets. Volgende jaar in 2026, sal dit ons 50ste Produksie-veiling wees met 52 jaar se teling vir die stoete. In daardie jare was die boerdery volkome gesubsidieerd, maar kort na my aankoms het bestuur 'n besluit geneem dat die boerdery voortaan op 'n kommersiële basis bedryf moet word, die subsidie is gestaak en dit het my taak geword om hierdie omdraai strategie te bewerkstellig. Dit bly egter van kernbelang dat die boerdery opleiding en navorsings vriendelik moet wees, aangesien dit die Universiteit se kernbesigheid is. 'n Groot voordeel in my guns was dat Dr Jasper Coetzee voorheen die stoete bestuur het en dus reeds bestuur op 'n hoë vlak gehad het. Enige nuwe besluite het ek eers 100% nagevors, aangesien ons nie kon bekostig om foute te maak nie. Ek doen dit tot vandag nog, wetenskaplike feite is waardevol en hoorsê is nutteloos.

My eerste oorweging met hierdie omdraai strategie was om inkomste te maksimaliseer en kostes drasties te sny. Die aanvanklike taak was om weidings te hervestig en om 'n laekoste volhoubare weidingstelsel te implementeer. Met die hulp van 'n kundige is klaver weidings stelselmatig gevestig op droëland, wat drakrag geweldig opgestoot het. Met die hele plaas tot my beskikking en verbeterde weidings kon die ooi-kudde mettertyd amper verdubbel word van 300 ooie na 550 ooie. Vandag bestaan die SAVM stoet uit 160 ooie.

Met hierdie ekstra weiding het ek in die beginjare, verskeie versnelde paarstelsels geïnisieer asook die jongooie jonger begin paar. Dit het egter vinnig duidelik geword, met die relatiewe kort aktiewe groei-seisoen, dat sulke stelsels duur word en nie op Mariendahl volhoubaar sou wees nie. Daar kon ook nie op besproeiing staat gemaak word nie en voortaan is hierdie kampe strategies gebruik vir lam en paartyd. In hierdie tyd het dit ook vinnig duidelik geword dat interne parasiete op die besproeiende kikuyu weidings vinnig kan opbou. Daarom word daar slegs verse op hierdie weiding geplaas, deur die wintermaande, om hierdie opbou van parasiete in toom te hou. In die tyd is 'n voermengwa gekoop en alle lekkies en voere word self op die plaas gemeng wat tot 'n geweldige groot besparing gelei het.

Aangesien die boerdery klein is, was dit ook gou duidelik dat verskillende paartye lei tot 'n klomp klein groepies vir prestasietoetsing wat die resultate onakkuraat en minder bruikbaar maak. Speenpersentasie bly ook die grootste winsdrywer in die skaap vertakking.

Na al die proeflopies is daar besluit om slegs een lamseisoen per jaar te implementeer, wat strek vanaf 10 Maart tot 10 April jaarliks, om groter groepe vir seleksie doeleindes te bevorder. Koggelramme word vir 9 tot 11 dae voor paring gebruik, waarna die ooie slegs vir 28 dae gepaar word. Slegs vyf ooi-ouderdomsgroepe en 2 ram-ouderdomsgroepe word gehou om sodoende genetiese vordering te maksimaliseer. Alhoewel ek niks teen skoue het nie, het ek besluit om nie te skou nie en slegs vir produksie-eienskappe te selekteer. Teling in dié stoet is vir ekonomiese eienskappe en die beginsel is om die gemiddelde waarde van hierdie eienskappe in die populasie te verbeter ten einde inkomste te verhoog. Die eienskappe wat vir my belangrik is, is gehardheid, aanpasbaarheid, vrugbaarheid, groei en wol-eienskappe. Ons bevorder gehardheid deur ons jong skape onder baie hoë veeladings groot te maak en te selekteer. Daar word gepoog om slegs vir tweeling ooie en ramme te selekteer en die ooie wat nie beset raak nie, word bemark. Ek ag ook moedereienskappe as baie belangrik. Liggaamsgewig word op speen (gem. 100 dae) ouderdom en 12 maande ouderdom gemeet.

Oor die jare is geselekteer vir 'n aanvaarbare veseldikte en wol-kwaliteit sonder om oormatige klem daarop te sit. Ons jongskape word geskeer op twaalf maande ouderdom waartydens vaggewig gemeet word, asook 'n wolmonster geneem word. Na skeer word die diere geweeg en die wolmonster word weggestuur vir toetsing. Ek neem liggaamsgewig, vaggewig, veseldikte en stapellengte in ag in die finale seleksie-proses.

Aan die einde van elke jaar word die bestuursprogram vir die volgende jaar alreeds opgetrek (sien tabel opgestel deur JG Goldie op bladsy 26). Uit jare se ondervinding is my slagspreuk - los niks onbeplan nie. Voor die paartyd in Oktober word alle ooie ewekansig aan die verkose ramme toegeken. Stambome word nagegaan en verwantskappe word wel inaggeneem om inteling te beperk. Daarna word hulle in groepe gemerk en uitgeklas vir paring. Ewekansige toekenning van ooie gee waarde aan die prestasie-data (elke ram kom dus by goeie, gemiddelde en swakke ooie). Goeie koppelings tussen teelseisoene en met ander stoete word nagestreef, ten einde teelwaardes meer akkuraat te kry.

Daar word aandag gegee aan die ooie se kondisie en prikkelfoeding word dus gebruik om die verlangde kondisie-telling te bereik. Die goeie lente weiding tel ook in ons guns, omdat dit baie sterk groei en 'n bydrae lewer tot die ooie se spoedige verbetering in kondisie. Die parasiet-status word ook gemonitor en spoorelemente word aangevul. Ramme ontvang dieselfde behandelings en word getoets vir vrugbaarheid en dekbeheersing. Nadat die ramme bygesit word, word alle troppe daagliks nagegaan om te verseker dat die ramme aktief werk. Enige probleme word dadelik reggestel. Ooie moet in 'n goeie kondisie wees (kondisie telling 3 - 3.5) as ramme ingaan en moet tydens die dektyd verbeter sodat hulle in 'n uitstekende kondisie (kondisie telling 3.5 - 4) is aan die einde van die paartyd. Ons maak die meeste gebruik van natuurlike paring met ons eie en gekoopte ramme, maar laparoskopie word ingespan indien nodig. Die ooie word dan in eerste week van Januarie geskandeer en dragtige ooie



Universiteit van Stellenbosch

TERRA VINO STOET

52-JAAR VAN TELING: 1974-2026



50ste PRODUKSIE VEILING

25 SAVM- & 60 Dohnemerino Ramme

23 Julie 2026 – 11:00

Navrae:

John Morris 082 771 2285 | 021 884 4460 | JG Goldie 084 755 5554 | Liney Hugo 079 512 6020
Hennie Hattingh BKB 082 786 1534 | Jan Olivier BKB 082 771 3476

word dan na oesreste geskuif. Alle droë ooie word egter na skeer be-
mark.

Die goeie kondisie van die ooie dra by tot die behoud van hulle
kondisie tydens mid-dragtigheid op die swak oesreste. Lekke word
gevoer tydens laatdragtigheid om te verseker dat die ooie se kondisie
gehandhaaf word. Twee weke voor lamtyd word die ooie geskuif na
besproeide lamkampies. Alle ooie lam buite in kampies van 0.2ha
groot, en daar word 50 ooie in 'n kampie geplaas. Alle tweelinge be-
weeg deur 'n lamhok stelsel waar hulle vir maksimum 5 dae staan.
Lammers word op die dag van geboorte geprosseser. "Leader tags"
word gebruik en die plaatjies word vir 3 lamseisoene gebruik. Die
oornommer word ook in die oor geknip sodat selfs lammers wat
plaatjies verloor nog akkuraat geïdentifiseer kan word. Die ooi en
lam word ook met 'n verwysingsnommer gekoppel sodat lammers
wat in die kampe uitsak saam met hulle moeders uitgevang kan
word. Moeders se melk en moedereienskappe word subjektief be-
oordeel en swak moeders met min melk word saam met hulle nage-
slag uitgeskot. Dit is egter deesdae selde nodig, weens jare se selek-
sie daarteen. Lammers se sterte word dieselfde tyd as merk afgesit.
Daar word van rekkies gebruik gemaak en die punt van die stert
word afgeknip, die sterte val dan binne 5 tot 7 dae af. Alle wonde en
naelstringe word ook tydens merk ontsmet.

Elke ram se nageslag word in 'n nommer-reeks gemerk, bv. 0 - 99,
100 - 199 ens. Dit vergemaklik vaar-uitkenning wanneer met die
lammers gewerk word. Slegs die jongskape wat finale keuring slaag
word gemerk met 'n "Aussie tag" en 'n duplikaat "leader tag" waar
die kleur ook die jaartal aandui. Tersame met die knippe en tatoeër-
merk kan geen skaap sy nommer verloor nie. Dit is belangrik vir 'n
akkurate databasis. Rekordhouding word op die "Sheperd" program
gedoen. Akkuraatheid van aantekeninge in die paar- en lam-boek is

van uiterste belang om 'n akkurate databasis te verseker. Aandag
moet gegee word aan noukeurige aantekening van wegings, prestasie
data en ook die vaslê van data op die program. Slegs dan word
seleksie op prestasiesyfers sinvol.

Alle ram en ooi nageslag word met finale keuring noukeurig gepunt
en alle diere moet struktureel reg wees en aan die rasstandaard
voldoen. Na hierdie proses, word die finale seleksie in die kantoor
gedoen met behulp van teelwaardes en prestasietoets-data. Daar
word altyd te veel vervangings ooie geselekteer en slegs die wat
dragtig raak word dan vir teling gehou. Die US Produksieveling word
elke jaar op die 3de Donderdag in Julie gehou. Slegs jongramme
(2-Tand) word aangebied en hulle word net vir 10 weke afgerond
om mooi te vertoon, maar moet beslis nie oorvoer wees nie. Alle
veilingsramme word ook vir vrugbaarheid getoets. Die stoet se doel-
wit is om goeie kwaliteit, ekonomies doeltreffende, vrugbare ramme
aan ons kliënte te verskaf om sodoende waarde tot hulle boerderye
te voeg.

Daar word ook gereeld stoetramme ingekoop van ander stoete veral
om genetiese variasie te bevorder en ook inteling laag te hou. Daar
word veral gesoek na ramme wat 'n bydrae kan lewer tot ons eie
teeldeelwitte d.w.s. meerling ramme uit vrugbare ooie met boge-
middelde teelwaardes vir groei.

Dit bly vir my van die uiterste belang om my oog op die stoet se teel-
doelwit te hou, foute betyds raak te sien en reg te stel en altyd te
verbeter. Kliënte moet altyd tevrede wees, want slegs tevrede kliënte
sal weer terugkom. Dit is vir my uiters belangrik om myself te laat
lei deur kundige keurders en hulle opinies te waardeer, dit bevorder
kontinuiteit in denkrigtings. Dankie aan Hennie Hattingh, Jan Olivier
en my personeel wat almal deel is van ons sukses. ■

BESTUURSPROGRAM VOLG OP BLADSY 26 ►



082 419 6588

*Met trots gebou op
XK Genetika.*



**RAMME BESKIKBAAR BY SWARTLAND SAVM LENTEVEILING
20 AUGUSTUS 2026**



MERGA STOET

DIE IDEALE SKAAP



Top Genetika

Vrugbaarheid

Melkproduksie

Augusta Minnaar

082 377 6097

Klipplaatdrift,

Bothaville

7de Produksieveiling

21 Oktober 2026



2025

Lammers

Stellenbosch Universiteit Bestuursprogram

Een Lamseisoen in Maart / April vereenvoudig bestuur en voervloei en verseker groter toetsgroepe, beter seleksiedruk

MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
Januarie	Datum:	Meng voer	Genoeg ooi- en ramvoer vir lamtyd + kruipvoer bestel / meng	
		Scan	Dragtige ooie	Skei 0,1 of 2-linge
		Ent: MultivaxP-Plus	Dragtige jongooie vir die 1ste keer (6-8 weke voor lam)	
		Sput: Multimin+Se+Cu	Alle dragtige ooie	Ooie voor paring en voor lam
		Ent: MVP-Plus	Alle ander skape behalwe die dragtige ooie	
		Doseer: RW+NW	Alle skape terwyl die besmetting laag is	
		Skeer + Prestasie toets	Alle skape & PT jongskaap	
		Byvoeding	Laat dragtigheid-lek	Vanaf 5-6 weke voor lam
MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
Februarie		Weeg: Voltooi en stuur	Jongskaap	Monsters en Prestasie Toets Inligting
		Bemark	Prulle en droë-ooie	Na scan, keuring en skeer
		Kloue	Alle dragtige ooie	
		ENT: MVP-Plus	Alle dragtige ooie	3-4 weke voor lam
			Jong dragtige ooie	4-weke na vorige enting
		Nommer ooie	Dragtige ooie	Sput lamtyd nommers op ooie
		KRY ALLES REG VIR LAMTYD		
MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
Maart		Skuif ooie na lamkampies. Ook enkelinge voor lam. Hulle gaan net nie hokke toe nie.		
		Doseer: RW+NW	Dragtige ooie	Soos hulle lamkampe toe skuif
		Ooie kan begin lam	Die ooie kan oor die naweek begin lam, wees reg vir hulle!	
		LAMTYD Begin	10 / 03 / 2026	
		Merk	Lammers in hokke	Plaaitsies, knippe en spuitverf vir uitken
		Sterte afsit	Ramme 1x lit & Ooie 2x	In hokke, met merk, rekkies
		Tatoeer	Amptelike merk US - asook SAVM nommers	
		Uitmelk (help vir blouvier)	Ooie in hokke met baie vol uiers / enkeling wat net 1-speen drink	
		Kruipvoer	Alle 2-ling lammers, vanaf 14-dae oud	
		Mismonsters	Ooie & lammers: Oudste lammers is nou 4-weke oud en die ooie	
MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
April		Finale Keuring	Jongskaap	3 maande wol op
		Ramme in skuur toe	Veilingsramme	Voetdip gereeld en buite deur die dag!
		Doseer: RW+LW	Oudste lammers en hul ooie op EPG's	Die ooie kan 'n bron van besmetting wees, as die lading hoog is
		Voetdip gereeld	Alle skape en lammers	Gedurende wintermaande
		Ent: SDK	Goedgekeurd jongskaap eenmalig na finale keuring	
		Ent: MVP-Plus	Goedgekeurd jongskaap	
		Sput: Multimin+Se+Cu	Goedgekeurd jongskaap	
		Doseer: RW	Goedgekeurd jongskaap eenmalig na finale keuring	
		Mismonsters	Ooie & hul lammers	Jongste lammers 5-6 weke oud
		Voetdip	Veilingsramme gereed!	
MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
Mei		Vrugbaarheidstoetse	Veilings- en stoetramme	Reël vir 1ste Week in Junie
		Doseer: RW+LW	Alle lammers en hulle ooie (Check EPG's)	Oudste lammers ±6-8 weke na vorige Jongste lammers ±4 weke
		Wolmonsters	Veilingsramme 2de mikrons vir die veiling	
		Trim	Veilingsramme	
		Mismonsters	Lammers & ooie	Vang in kampe by die bakke
		Ent: MVP-Plus	Alle lammers	
Junie		Doseer: RW	Veilingsramme	6-weke na vorige keer, laaste keer
		Trim+Kloue	Veilingsramme	6-weke na vorige keer, laaste keer
		Doseer: RW	Alle lammers en ooie	Op EPG's en 6-weke na vorige dose
		Ent: MVP-Plus	Alle lammers	3 tot 4-weke na vorige enting
		Speen lammers	Lammers moet 30-32kg weeg met speen	
		Weeg & Keuring	Lammers	Gemiddeld 100-dae oud

MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
Julie	Datum:	Uiers voel & bekke kyk	Alle ooie na speen	Skot prulle uit, oud en swak ooie jaarliks
		Ent: BT(ABC) booster	Alle ooie vir paring	
		Doseer: RW	Alle ooie, jongooie, ramme en koggels (NB: Net as regtig nodig)	
		Doseer: RW+LW	Alle lammers	Na-speen op EPG's 4-6 weke na die vorige (indien nodig)
		Ent: REV-1	Alle ramlammers	± 3-4 maande oud
		Trim	Veilingsramme	Laaste keer voor veiling
		US PRODUKSIE VEILING		
		SKEER	Alle skape & lammers	Alles winterskamme
MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
Augustus		NB: BEPLAN PARINGS , REEL KI en doen vroegetydig op die Rekenaar!!		
		Kloue	Alle skape en lammers	Die lammers is nou 5-6 maande oud
		DIP	Alle skape	3-4 weke na skeer as die weer toelaat
		Ent: Ensootiese Aborsie	Jongooie vir paring	Lewendig entstof
		Spuut: Multimin+Se+Cu	Alle ooie en ramme vir paring	5-weke voor paring (6 weke voor paar)
		Vit ADE	asook die koggelramme	
		Vit B12		
		Doseer: RW+NW	Ooie, ramme, koggels	4-weke voor paring
MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
September		Klas en Merk	Ooie vir paring	Vroegetydig na paringsgroepe reg is
		Byvoeding + Oefen	Gebruiksramme en koggels vir paring	
		Toets Vrugbaarheid	Gebruiksramme	Voor paring
		Koringkiem olie	Ramme met swak saad	25-30ml 1x / week vir 3-4 weke
		Doseer: RW+NW	Alle jongskape	8 weke na vorige dose, BAIE NB, lente
		Ent: Bloutong(A)	Alle lammers (6mnd oud)	
		Prikkelvoeding	Ooie vir paring	Weiding + lek 21 dae voor paring
		Kloue	Koggels & Gebruikramme	2 weke voor paring
		Deadline	Gebruiksramme	Indien daar bosluise is
		KOGGELS IN	Ooie vir paring	9-11 dae voor paring
MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
Oktober		Ent: BT (B)	Alle lammers	3-weke na vorige enting
		DEKTYD	Sit ramme die oggend in en smeer kleurstof as nodig is: 10 / 10 / 2026	
		Ent: BT (C)	Alle lammers	3-weke na vorige enting
MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
November		Doseer: RW+NW	Lammers	Weidings droog nou al af
		Einde van Paartyd	Alle ooie met ramme	± 06 / 11 / 2026 (28 dae)
		Ent: BT (ABC)	Ramme	Alle gebruiks + reserwe ram na paring
		Voorlopige keuring	Alle jongskaap van Maart voor Prestasie toetsing	
		Plaaitjies insit	Alle goedgekeurde jongskaap	
MAAND	UITGEVOER	PLIGTE	TIPE SKAAP	OPMERKINGS
Desember		Kloue	Skape wat dit benodig	
		Knip merkstof af	Alle ooie	Ten minste 1 maand na ramme uit is en voor skeer
		Meng voer	Ram- en buitevoer	Genoeg vir die Kerstydperk

NOTA: Voor elke dosering word mismonsters eers geneem en daar word slegs doseer indien mis-eiertellings hoog is!

VERDUIDELIKING VAN AFKORTINGS:

MVP-Plus	MultivaxP-Plus
RW+NW	Rondewurms + Neuswurm
RW+LW	Rondewurms + Lintwurms
BT	Bloutong
SDK	Slenkdalkoors
PT	Prestasietoets (Wolmonsters, Vaggewigte en Liggaamsmassa)
EPG	Eggs per gram (Eiertellings in mismonsters)





BRUCELLA OVIS IN RAMME

deur DR D'WALL HAUPTFLEISCH

Brucella ovis is 'n bakterieë wat letsels in die epididimis veroorsaak. Dit gee aanleiding tot verlaagde vrugbaarheid of selfs onvrugbaarheid van ramme, dit kan ook aanleiding gee tot inflammasie van die testis (orchitis). Hoofsaaklik ramme word geaffekteer, maar *B. ovis* kan ook abortsies en verhoogde vroeë lam verliese tot gevolg hê, alhoewel dit skaars is.

OORDRAG VAN *B. OVIS*:

Primêr deur kontak tussen ramme, die bakterieë dring die vatbare diere binne deur die slymvliese – mond, oë, neus en rektum. Ramme wat mekaar dek en / of ruik aan die voorvel.

Dmv die ooi – waar 'n vatbare ram 'n ooi dek wat voor dit gedek is deur 'n positiewe ram wat die bakterieë in sy semen uitskei.

KLINIESE TEKENS:

Daar is baie min kliniese tekens en dis die rede waarom *B. ovis* eers later in die kudde gediagnoseer word. Min of meer een derde van ramme kan kliniese tekens ontwikkel. Letsels is meestal in die stert van die epididimis en mag wissel van klein na tennisbal grootte. Semen kwaliteit is gewoonlik swakker met 'n laer massa beweeglikheid, morfologiese sperm defekte en daar mag witbloedselle in die ejakulaat teenwoordig wees.

Verlaagde lampersentasies en die geboorte van swak lammers wat afsterf kort na geboorte kan ook 'n aanduiding wees dat *B. ovis* in die kudde teenwoordig is.

DIAGNOSE:

Palpasie – dit geskied standaard saam met die jaarlikse teelgeskikheidstoets en letsels kan in die epididimis identifiseer word. Ander oorsake wat letsels kan veroorsaak moet uitgeskakel word en palpasia kan dus nie alleen gebruik word om te bevestig dat *B. ovis* teenwoordig of afwesig is in 'n kudde nie.

Semen smeer – hoë witbloedseltellings en morfologiese sperm abnormaliteite kan 'n aanduiding wees dat *B. ovis* in die kudde teenwoordig is.

Serologie – word gebruik om *B. ovis* op kuddevlak te diagnoseer. Vals positiewe bloedtoetse mag wees as gevolg van ramlammers wat te laat geënt is (met ander woorde al te oud is wanneer hulle geënt word). Ramme word gebloeï saam met die jaarlikse teelgeskikheidstoets. Indien daar positiewe ramme in 'n kudde is word dit aanbeveel om twee maal te bloei met 'n 4 tot 8 weke interval en alle positiewe ramme word geslag.

Semen kultuur – kan in kombinasie saam met die testis palpasia en bloei van die ramme geskied wanneer daar verdagte ramme in die kudde teenwoordig is

VOORKOMING:

Biosekuriteit – voorkom die binnedring van die kudde, voorkom die verspreiding in die kudde en voorkom die verspreiding vanuit die kudde!!!

- Hou jonger ramme apart van ouer ramme.
- Koop ramme vanuit 'n negatiewe kudde.
- Jaarlikse teelgeskikheidstoets van alle ramme.
- Enting van jong vervangingsramme – NB!!

ENTING VAN RAMLAMMERS:

- *Brucella* Rev 1 Entstof (OBP) of
- Bru-Tect Rev 1 Entstof (Design Biologix)

2 tot 4 maande ouderdom. (Nie later as 4 maande nie om vals positiewe bloedtoetse te voorkom.) ■



Amulet

VLEISMERINOSTOET

12de

PRODUKSIEVEILING

14 OKTOBER 2026

TAAIBOSPAN, SANNIESHOF



Grietha van Rensburg | 082 952 1955 | grietha@nwisp.co.za

Decision Support Service (DSS)



Data as grondslag vir suksesvolle boerdery

Data is mag. In vandag se moderne landbou-omgewing speel tegnologie 'n al groter rol in die bestuur van die boerdery. BKB se Decision Support Service (DSS) het enkele jare gelede 'n omvattende datadiens begin aanbied om produsente te help om hul boerderybesluite op data en inligting te baseer. Die sleutel lê daarin om roudata om te skakel na bruikbare inligting wat werklike besluitneming ondersteun. DSS is dus 'n kragtige bestuursgereedskap vir die produsent op sy plaas.

Gemak en doeltreffendheid

Een van die grootste uitdagings wat produsente in die gesig staar, is die tydrawende proses van data-insameling en -verwerking. DSS spreek juis hierdie uitdaging aan deur die proses te vereenvoudig en te "streamline". Die diens help BKB produsente om data-gedrewe besluite te neem in samewerking met klassering, wat verseker dat elke dier se werklike waarde akkuraat bepaal word.

DSS se sisteem het beduidend ontwikkel oor die afgelope jare. Produsente kan nou met hul verskillende hardware-opsies - of dit nou EID/QRID-lesers, weegskale, of ander elektroniese toestelle is - data moeiteloos versamel. Die sisteem verwerk dan hierdie data na die nodige formate vir die betrokke genootskap, wat administrasie drasties verminder en produsente meer tyd gee om op hul kernbesigheid te fokus. DSS wil voorkom dat dieselfde data na verskeie punte gestuur hoef te word en DSS wil die uitstuur vergemaklik. Geen meer oortik in elke formaat nie. In samewerking met SA Stamboek is hierdie nou moontlik. Dus kan boere deur dieselfde lêer nou eenmalig in te stuur, al sy / haar Teelwaardes en DSS verwerkings bekom. DSS het die afgelope jaar ook die SAVM formate ingebring om dus die instuur van data vir deelnemende SAVM telers, na die genootskap te assisteer en vergemaklik.


deur HANNELET JORDAAN BKB Bestuurder - DSS

Identifisering van presteerders


Met insette soos voer, medisyne en arbeid wat voortdurend duurder word, kan ons eenvoudig nie bekostig om passasiers op die plaas aan te hou nie. Elke dier moet sy plek verdien. DSS identifiseer presies watter diere onder jou spesifieke omstandighede en bestuur optimaal presteer en watter uitsak (onderste 20%). Die sisteem ontleed prestasie-eienskappe soos groeitempo's deur speengewigte en volwasse gewigte, reproduksie-doeltreffendheid asook woldata (vagte, veseldeursnee en gemaksfaktor).

Wanneer hierdie gedetailleerde inligting beskikbaar is, kan ingeligte besluite geneem word oor watter stappe volgende gevolg moet word. Moet jy hierdie teelmateriaal behou of uitsaai? Watter diere moet vir vervanging aangehou word? Watter kudde-aanpassings sal die grootste impak op winsgewendheid hê? DSS verskaf al die antwoorde.

Grafiek 1: Inkomste variasie van 'n produsent in 2025 wanneer vleis + wol in aggeneem word. Hier kan die verskil tussen "Performers" en "Passengers" gesien word.



VERVOLG OP BLADSY 24 ➡




Greyling Boerdery

bied aan

42^{ste} Greyling Vleismerino's *Produksieveiling*

Donderdag **12 FEBRUARIE 2026** om 11:00
Sun Down Lodge, Aliwal Noord

GPS Koördinate: 30°42'33.1"S | 26°43'51.6"E




Teler van "Money Maker" ramme: 7080 GZ in 2021 & 5059 GZ in 2022


Van Aardt Greyling - 082 782 7674 | Faan Greyling - 076 111 9575 | ricksu@nokwi.co.za

 GreylingSAVM

Grafiek 2: Hier word die wol data per inkomste groep aangedui. KG per ooi is belangrik en dan in samewerking met jou boerdery se optimale veseldeursnee.



Grafiek 3: KG per lam per reproduksie inkomste groep. Een- en tweeling was verdeel in hul groepe om te bepaal tussen Top na Bottom en hier kom dit om te wys watter grootte lam is in jou Top 20% of Bottom 20% tenspyte van geboorte status en wat is die vermoë in jou boerdery.



Skermgreep 1: Ooi reproduksie profiel op die DSS toepassing om 'n oorsig van die ooi se vermoë te kry.

VID	EID	QRID	Birth Date	Birth Status	W2	Sire	Sex	DSS Lite Score
240321			05/11/2024	3	32 kg (13/02/2025)	180020	Female	
240320			05/11/2024	3	35 kg (13/02/2025)	180020	Female	
240319			05/11/2024	3	40.5 kg (13/02/2025)	180020	Male	
240026			05/02/2024	2	42.5 kg (08/05/2024)	210360	Male	
240027	964 001036381970		05/02/2024	2	26.9 kg (08/05/2024)	210360	Female	
230055			25/03/2023	2	34.6 kg (17/07/2023)	210028	Male	
230056			25/03/2023	2	42.1 kg (17/07/2023)	210028	Male	
220239			22/07/2022	2	39.9 kg (19/10/2022)	190389	Female	

VERVOLG OP BLADSY 34 ➡




KomTAG

KNOW YOUR ANIMALS • KEN JOU DIERE



sales@komtag.com - verkope@komtag.com



NASIONALE VEILING
5 AUGUSTUS 2026

x3 STOET RAMME

PIKETBERG VEILING
13 AUGUSTUS 2026

x40 2-TAND RAMME

**MARITZ MOUTON &
DE VILLIERS MOUTON**
083 232 5130

Junior Kampioen Ram

4083NWB

Reserwe Kampioen Ram

4136NWB



**Kampioen Groep
van 3 Ramme by
Swartland Skou 2025**

4200NWB, 4136NWB, 4076NWB

Die ekonomiese waarde

Uiteindelik gaan dit natuurlik oor rand en sent. Elke besluit op die plaas het 'n finansiële implikasie. Deur data-gedrewe besluite te neem, kan produsente hul winsmarges verbeter en sien watter diere op hul insette, die beste opbrengs lewer.

Tegnologie wat by jou pas

Daar is verskeie tipes tegnologie beskikbaar om data in te samel, en DSS werk met die meeste van hulle. Of jy verkies om met tradisionele metodes te werk, moderne weegskale met geïntegreerde data-vaslegging, of selfs handskakel-toestelle – die keuse is joune. Die produsent kan besluit wat by sy spesifieke omstandighede, begrotingsramings en tegnologiese gemak pas. Die DSS toep is tans besig om uitgerol te word na ons DSS produsente en dit is op enige selfoon tot jou beskikking.

Akkuraatheid is nie onderhandelbaar nie

Met elektroniese data-insameling word menslike foute aansienlik verminder en die akkuraatheid van data verhoog dramaties. Terwyl handmatige optekening geneig is tot verkeerde insette, onleesbare syfers, of selfs vergete inskrywings, vang elektroniese stelsels data vas, presies soos dit is. Akkurate data-insameling is krities belangrik om te verseker dat alle besluite op die inligting gebaseer kan word – want verkeerde data lei tot verkeerde besluite, wat jou geld kos.

Samewerking met klassering

DSS werk hand aan hand met die klasseringstelsel om 'n volledige

prentjie van jou kudde se prestasie te skep. Klassering verskaf waardevolle inligting oor fenotipiese-eienskappe. Saam gee hierdie twee stelsels 'n omvattende oorsig wat produsente help om beter teelbesluite te neem en hul vordering te versnel.

Skermgreep 2: Die DSS toepassing se inteken skerm vir sy gebruikers. Hier gaan kliente direk kan data versamel asook dadelik toegang tot hul inligting verkry.

Die pad vorentoe

DSS is meer as net 'n data-stelsel – dit is 'n vennootskap tussen BKB en die produsent om volhoubare, winsgewende veeboerdery te verseker. Deur tegnologie, akkurate data en kundige ondersteuning saam te bring, stel DSS produsente in staat om met vertroue besluite te neem.

Vir enige navrae kontak jou naaste BKB tegniese adviseur of DSS by dss@bkb.co.za. ■

ENKELDOORN

SA VLEISMERINO'S

JOE & ELMARIE WILKINSON

072 146 0467 | wilkinsonbmsales@gmail.com

KIN 4004



KIN 4024



KIN 4004

Voermol Maxiwol Konsentraat



Uitmuntende Prestasie

Voermol Maxiwol Konsentraat (V4985) is 'n hoë gehalte konsentraat vir die tuismeng van lekke vir skape en bokke.



VERBETER DIEREPRESTASIE

- Uier ontwikkeling (melk- & bies produksie & gehalte)
- Wol/Vesel groei
- Spierontwikkeling/groei
- Organiese spoorminerale



SPREEK VOEDINGS- TEKORTE AAN

- Proteïen, minerale & spoorminerale
- Hoë deurvloeiproteïen komponent
- Beskernde aminosure



DOELTREFFEND

- Hoogs gekonsentreerde proteïenbron
- Ekonomies



VERBETER IMMUNITEIT

- Beskernde Vit A



VEELSYDIG

- Toepassing vir verskillende ooi produksiestadiums
- Skape/Bokke



60 JAAR

Meer as 60 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

Vir verdere inligting kontak jou naaste
Voermol-verkoopsverteenwoordiger.



Voermol Feeds SA | www.voermol.co.za

Generiese veefoto bo, om verbruik aan te dui en nie noodwendig 'n aanduiding van produkteffektiviteit nie.
Voermol Maxiwol Konsentraat, Regnr. V4985, (Wet 36/1947). Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk, Posbus 13, Maidstone, 4380.



Voermol

Wat die natuur kort -
sal Voermol voorsien

BEGIN HIER

DRYF JOU PLAAS VORENTOE MET NASHUA

NASHUA SONKRAG:

Nashua voorsien sonkrag- en alternatiewe energie-oplossings wat spesifiek ontwerp is vir die landbousektor in Suid-Afrika. Dit verseker deurlopende krag tydens kragonderbrekings en help met meer effektiewe produktiwiteit in elke landbou-afdeling. Die stelsel bied 'n betroubare kragvoorsiening, finansieringsopsies wat geskik is vir elke individu, geen deposito en belastingvoordeel.

NASHUA BRANDSTOF BESTUUR:

Ons brandstofbestuurstelsel is spesifiek ontwikkel vir die landbousektor en sluit 'n bowersisteen in wat voorsiening maak vir die identifikasie van dieseldispensasie per plaas of plaassektor, asook die tipe werk waarvoor die brandstof gebruik word. Hierdie module voldoen aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se standarde vir rebate-doeleindes en ondersteun ingeligte besluitneming en effektiewe bestuur van brandstofuitgawes. Finansieringsopsies is beskikbaar en geskik vir elke individu.

NASHUA SEKURITEIT:

Ons stelsel maak gebruik van die nuutste tegnologie in CCTV, wat die gebruiker in staat stel om gedurende die nag te observeer soos in daglig. Perimeters kan opgestel word, en sodra 'n perimeter gebreek word, stuur die stelsel 'n kennisgewing na die gebruiker se selfoon, sodat die probleem dadelik geïdentifiseer kan word. Kennisgewings kan ook aan betrokke sekuriteitsfirma of plaaslike sekuriteitsplatform gestuur word, wat beskerming bied vir vee, besittings, eiendom en lewens.

NASHUA FINANSIERING:

Finansiering word op 'n huur finansierings model gebaseer wat die voordeel inhou dat dit geen las op klient se leningsvermoë plaas vir ander kapitaal behoeftes nie.

50 YEARS+ **NASHUA** 
saving you time. saving you money. putting you first

The image features a white sheep standing in a field of green grass and small white and yellow flowers. In the background, there are rows of blue solar panels. The Nashua logo is in the top left corner, and a dark blue banner with white text is at the bottom of the image.

NASHUA

SONKRAG CCTV TOEGANGSBEHEER INTERNET

Met Nashua hoef jy dit nooit alleen te hanteer nie.

Deur Nashua te kies, kies jy vir betroubaarheid, innovasie en oplossings wat gemak is om jou werk makliker, veiliger en meer produktief te maak.

Ons verstaan jou behoeftes en is hier om jou te ondersteun met energie-, brandstof- en sekuriteitsoplossings wat jy kan vertrou.

Met Nashua aan jou kant, kan jy rustig wees en fokus op wat regtig saak maak – want ons gee om en ons wil hê jy moet suksesvol wees. Skakel ons vandag en laat ons jou help om jou potensiaal ten volle te bereik.

ERNIE POTGIETER

082 373 3265

erniep@nashuafs.co.za

SA VLEISMERINO DIE WARE DUBBELDOELRAS

HOË POTENSIAAL VLEIS-WOL-RAS WAT EKSTENSIEF GEDY EN INTENSIEF FLOEREER



deur JAN VOSLOO SAVM Bestuurder

By skape en beeste raak die poenskopgeen al meer gewild omdat hantering van poenskopdiere minder beserings tot gevolg het en minder arbeid verg. Hanteringsgeriewe word ook minder verniel en hou langer omdat poenskopdiere nie horings het wat kan vashak aan heinings en krippe nie.

Die SA Vleismerino is goed gevestig in die saaigebiede en suurvelddele van Suid Afrika, maar sy vermoë om ekstensief te gedy en te reproduseer in die droër landsdele word nog heeltemal onderskat in die soetvelddele met laer reënval. Die SAVM is 'n ongelooflike vinnige groeier en doeltreffende voeromsetter na vleis. Vandaar die gewildheid by voerkraaleienaars. Juis dié prestasie in voerkrale en op aangeplante weidings, met gepaardgaande premiepryse vir SAVM-stoorlammers (voerlammers), maak 'n bemarkingstrategie met SAVM lammers baie meer aanpasbaar by wisselende omstandighede (dus veelsydig). In baie droë jare kan lammers dus as stoorlammers vanaf die ooie direk na speen aan voerkrale verkoop word of die produsent kan hulle self afrond in 'n voerkraal of op weiding onder besproeiing, indien beskikbaar. In normale of goeie jare kan die lammers na speen direk vanaf die ooie geslag word. Hoë speengewigte, hoë uitslagpersentasies en 'n groot persentasie karkasse wat die uitstekende klas A2 en A3 gradering behaal, word altyd deur boere ervaar.

Ander rasse wat uit die SAVM geteel is, is Afrino, Dohne-Merino en die Dormer. Hieruit is dit duidelik dat die SAVM 'n uitstende vaderrasse is as dit by kruisteling, veral binne die wolfamilie kom. Hulle gee uitstekende kruislammers op ooie van alle woldraende rasse, soos Merino's, Dohne Merino's, Afrino's en Letelle, met geen risiko van besoedeling van jou wolskeersel nie. In vele kruisteel proewe het die SAVM al uitgetroon en sy staal gewys. Dis beslis die beste oplossing vir wolboere om hulle lamsvleisproduksie en dus hulle marges te verhoog met doelgerigte kruisteling, sonder enige besoedeling van hulle skeersels of benadeling van SA se wolproduksie.

Vleisrasse soos Dorpers en Meatmasters gebruik ook toenemend die SAVM met groot sukses in terminale kruisteelprogramme (d.w.s. waar alle nageslag, ooi- en ramlammers, geslag word). Dit word hoofsaaklik gedoen om groei te verbeter en beter vetverspreiding te verkry sowel as om oorvetheid by 'n lae karkasmassa te voorkom. By kruisteling met wolrasse het produsente egter die voordeel dat die ooi-lammers as vervangingsooie gehou kan word en dus ook as aantelooie verkoop kan word. Sulke ooie is baie gewild en boere is dus nie net tot die slagmark beperk nie. Sulke F1 kruisooie produseer uitstaande wol en is baie gehard en is beter moeders met baie melk. (Wyle dr Jasper Coetzee het altyd gesê dat die halfkruise die beste en hoogs vrugbare moeders is waarmee hy graag sou wou boer). Deur hulle weer met SAVM ramme te paar word vinniggroeiende slaglammers geproduseer wat toppryse behaal. Die effek van heterose word ten beste benut met dié praktyk en dié ooie se lammers oorleef goed en presteer uitstekend!

Hoewel die SAVM as vaderrasse met groot sukses vir sy goeie vleiseienskappe deur skaapboere benut is, word die ekstensiewe vermoëns, goeie moedereienskappe en hoë melkproduksie van die suiwer ras nog totaal onderskat. Die waarskynlike rede hiervoor is dat mense skepties is omdat die SAVM 'n medium-tot groot-raam skaap is in vergelyking met ander rasse. Sedert 2015 was daar 'n doelgerigte swaai terug na die mediumraam tipe binne die ras. Die ras se vermoëns om in droë veldtoestande homself te handhaaf en te reproduseer word betwyfel. Mense wat egter al met die SAVM in die praktyk te doene gehad het, weet dat onder ekstensiewe toestande die "regte tipe" (vroeg-tot-mediumryp-tipe) binne die ras se reproduksie nie geklop kan word nie. Die ras se goeie eienskappe soos aanpasbaarheid, sterk konstitusie (herstelvermoë), hoë vrugbaarheid en nie-selektiewe weigewoontes maak hier die deurslaggewende bydrae.

Alle ekonomiese ontledings dui daarop dat reproduksie (d.w.s. kg lammers gespeen per ha) by verre die mees belangrike eienskap is wat die winsgewendheid van 'n skaapboerdery-onderneming beïnvloed. Vleismerino's het die inherente vermoë om die meeste meerlinge met natuurlike paring, te produseer. Die huidige wolprys tot vleisprys-verhouding pas die SAVM soos 'n handskoen omdat die vee- en vleisverkope verreweg die grootste deel uitmaak van die totale inkomste. Kyk maar na DSS se verslae wat die feit baie duidelik illustreer. Goeie wolinkomste bly 'n baie groot bonus en die huidige swak rand bevoordeel die prys van uitvoerprodukte soos wol. Huidig behaal Vleismerino-wol uitstekende pryse op wolweilings en het heelwat telers al meer as R100 per kilogram wol gemiddeld behaal vir hulle skeersels en in Augustus vanjaar het een teler R122 per kilogram vir sy BM vagwol gekry en 'n ander het R149 per kilogram vir sy AM vagwol gekry.

DIE KRUISTEEL-KONING

MY AANBEVELING IS OM SAVM RAMME TE GEBUIK OP ENIGE VAN DIE VOLGENDE GROEPE OOIE:


- Om jongooitjies oop te maak (baie beter lamoorlewing weens heterose)
- Op 2de kudde ooie (1ste kudde ooie word dan met eie ras ramme gepaar om vervangingsooie te teel).
- Op ooie wat buite jou hoof-lamtyd lam (bv. Herfslamseisoen in ekstensiewe soetveldgebiede en in Lentelamseisoen in die somersaai-gebiede en in die Winterreënstreek).
- Op ouer ooie wat die laaste keer ram kry, voordat hulle uitgeskot word (slag dan hierdie ou ooie nadat hulle kruislammers gespeen is).

VERVOLG OP BLADSY 40 ►



AUGUSTUS 2026

NASIONALE VEILINGS



Bloemfontein Nasionale Ram-Ooi

5 Augustus 2026

Bloemfontein
Skougronde



Frankfort Nasionaal

11 Augustus 2026

Frankfort
Gholfklub




Wolmaransstad Nasionaal

19 Augustus 2026

